Dinsdag **9 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 6:1-11**

**Fokusgedeelte: Psalm 6:5**

**Die Here help, want Hy is getrou**

Daar is ’n worsteling by Dawid in hierdie Psalm. In die eerste plek is hy siek. In daardie tyd is daar geglo dat siekte kom as gevolg van ’n spesifieke sonde wat gepleeg is. Daarom die gedagte in vers 1 dat daar gebid word dat die Here hom nie straf in sy toorn nie. Hy besef dat sy enigste uitweg en toevlug by die Here lê. Hierdie siekte maak hom gedaan. Hy is uitgeteer en hy kwyn weg. Meer as dit egter beleef Dawid dat sy teëstanders bydra tot sy omstandighede. Vers 8 vertel hoe die optrede van sy teëstanders daartoe lei dat hy ook verswak.

Ons beleef in ons lewens baie beproewings wat maak dat ons gespanne raak, rondom ons finansies, ons skoolwerk, ons huwelike. Baie keer speel ouderdom ’n groot rol en ons gesondheidstoestand. Dit dra daartoe by dat ons meer bekommerd raak omdat ons soms gediagnoseer word met een of ander kwaal of toestand wat maak dat ons besef dit is daar om te bly. Dit gaan nie weg nie. So ook die weerstand wat ons beleef in ’n samelewing wat nie wil aanvaar dat God God is nie. Hulle wil nie die Woord as waar aanvaar nie.

Dawid se uitweg: Neem my weer onder u sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou (vs 5). Hierdie uitroep van Dawid is vervul in Jesus Christus wat verlossing geskenk het vanuit die sonde en ons verlos het van die toorn van God. Ons kan nie anders nie. Ons moet ook tot God bid. Neem my weer onder u sorg.

Deur sy Gees staan Hy ons by en skenk aan ons krag om te midde van ons swaarkry en beproewing te beleef hoe ons getroos word en krag ontvang om staande te bly te midde van aanslae van die samelewing en ons eie persoonlike probleme. Daarom kan Dawid uitroep in vers 10 dat die Here geluister het na sy smeking en sy gebed aangeneem het. Die Here het gehelp, want Hy is getrou aan elkeen wat Hom dien en Hom aanroep in hulle lewens. God is jou enigste uitweg.

*Sing: Skrifberyming 17-2:5, 6 (18)*

*Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)*